SERNICK BONSMARA

vir groei en voeromset

Wanneer Sernick Bonsmaras op 29 Mei vanjaar sy produksieveiling by Edenville aanbied, verteenwoordig die aanbod van 40 bulle (almal Fase C-getoets), 60 stoetkoeie, 20 stoetverse en 350 jong kommersiële koeie en verse die resultaat van drie dekades se intensiewe en doelgerigte seleksie vir ekonomiese eienskappe. Groei en voeromset, glo Nick Serfontein, eienaar van Sernick Bonsmaras, word elke dag belangriker soos wat graanpryse styg.

"Die kommersiële boer soek swaar speenkalwers met goeie groei en voeromset. Dit, tesame met vrugbaarheid, is waarvoor Sernick al die jare selekteer. Vanjaar se aanbod verteenwoordig hierdie seleksieprogram uitstekend, en daar is 'n paar werklik uitmuntende bulle beskikbaar."

Waardetoevoeging soos min

Toe Nick in 1984 'n stukkie grond en 30 verse in die Edenville-omgewing koop, was dit om sy hunkering na boerdery te bevredig. Vandag bestaan sy Sernick Groep uit sewe vertakkings, almal fasette van die vleiswaardeketting.

Hierdie vertakkings behels 'n Bonsmarastoet van 500 koeie, 'n voerkraal vir 8 000 beeste, 'n bultoetsstasie vir 600 bulle per jaar, 'n voerfabriek met kapasiteit vir 72 000 ton per jaar, 'n abattoir en ontbenings- en-verwerkingsaanleg waar 250 beeste per dag geslag kan word, groothandelverkope teen 'n tempo van 200 karkasse per dag, en vier slaghuise waar die oorblywende 50 karkasse per dag in verwerkte vorm bemark word.

"Omdat ek in soveel fasette van die waardeketting betrokke is, weet ek presies wat die markvereistes ten opsigte van speenkalwers is, en dit staaf my seleksiebeleid. Om 'n kudde op te bou waaruit bulle geteel kan word wat hierdie eienskappe betroubaar kan oordra, verteenwoordig 'n enorme belegging. Ek is van mening dat baie stoettelers nie aan die behoefte van die kommersiële boer voldoen nie, want hulle teel kosmeties mooi bespierde beeste en vergeet van groei en voeromset – dit wat die kommersiële teler móét teel vir die voerkraal."

Seleksiedoelwitte

Geen kalf groei so swak soos een wat nie gebore is nie, is Nick se uitgangspunt. Vrugbaarheid is dus die belangrikste ekonomiese aspek van hul vleisbeesboerdery.

"By rasteling van vroulike diere moet die klem op die verbetering van die funksionele komponente van reproduksie val, naamlik reproduksie en relatiewe groei. Aangesien die omgewing (voeding) 'n groot invloed op reproduksie asook melkproduksie het, moet daar dus sorg gedra word dat voldoende voeding beskikbaar is vir die volledige produksieketting.

"Die totale omgewing sal waarskynlik die belangrikste bepalende faktor wees by die optimale groei en liggaamsgrootte van vroulike diere, terwyl markvereistes en produksiestelsels groei en grootte by bemarkingsdiere sal dikteer."

In die geval van manlike diere, sê hy, moet die klem op doeltreffende voerverbruik, groeitempo en optimum spier-tot-beenverhouding val. Aangesien die produksie van beesvleis (uitgesonder vet) vyf keer meer energie vereis

Through our hands *Deur ons hande*

as die produksie van hoendervleis, en drie keer meer energie as die produksie van varkvleis, bevestig dit die belangrikheid van seleksie vir voeromsetdoeltreffendheid.

"Aangesien ongeveer 75% van alle slagdiere deur 'n voerkraalfase gaan, sal die doeltreffendheid van voerverbruik ook hier 'n geweldige ekonomiese impak hê. In die lig hiervan is doeltreffendheid dan die bousteen van die Sernick-teeldoelwit."

Kalwing en geboortegewig

Verse word vroeg gepaar om sodoende die genetiese interval te verkort om seleksievordering te verhaas. Koeie kalf vir die eerste keer op 24 maande teenoor die rasgemiddeld van 32 maande. Die beskikbaarheid van aangeplante weiding maak dit natuurlik moontlik om hierdie doelwit te bereik.

"Op verse gebruik ons beproefde bulle wat lae geboortegewigte gee, maar steeds goeie groei het. Daar word na hierdie tipe bulle as die sogenaamde kurweknakkers (*curve benders*) verwys."

Aangesien die koeikudde hoofsaaklik op natuurlike rooigrasweiding aangehou word (4 000ha rooigras met 1 200ha Smutsvinger wat verdeel is in 228 kampe), kan die koeie ook nie te groot wees nie, glo Nick.

"Te klein koeie word uitgeskot aangesien hulle oor die algemeen oor te min groei beskik om 'n winsgewende speenkalf vir die voerkraal te kan produseer. Dit is tog wat die kommersiële veeboer wil hê – 'n ordentlike, swaar speenkalf vir die voerkraal!

"Gevolglik luister ons na die behoeftes van ons bulkopers, wat hoofsaaklik kommersiële telers is wat swaar speenkalwers met goeie groei en voeromset wil teel. In ons omgewing is die ideale koei wat die beste produseer en reproduseer, koeie met 'n massa van 520kg."

Hiermee saam word groot klem op die verhouding van groei- en melkteelwaardes gelê – 'n verhouding van 3.5:1 vir speen direk tot speen maternaal. Hulle vind hierdie is die koeie wat voldoende melk het, genoeg bevlees is en met goeie konstitusie, wat dan weer maklik herbeset raak en wat kalwers van 250kg speen ('n 48% tot 50% speenverhouding).

In die geval van die kuddebulle, verduidelik hy, word baie klem op voeromsetverhouding (VOV) en groei geplaas, waarvan die kalwers nie te swaar is met geboorte nie.

Langtermyn sukses

"Afgesien van die koste van die speenkalf, is voerkoste die grootste koste in 'n voerkraal. VOV is gevolglik 'n uiters belangrike eienskap in die winsgewendheid van 'n voerkraal en dit word elke dag belangriker soos wat die koste van voer styg. VOV is ook die hoogste gekorreleer met wins naas reproduksie."

Uit 'n ekonomiese oogpunt gesien is die seleksie vir VOV drie tot ses keer belangriker as die seleksie vir groei (GDT). Seleksie vir VOV het geen nadelige uitwerking soos verhoogde geboorte- en eindmassa nie, wat reproduksie kan benadeel as gevolg van verhoogde onderhoud, soos in die geval van die seleksie vir GDT nie. Daar bestaan ook 'n positiewe korrelasie tussen VOV en liggaamslengte, wat weer positief gekorreleer is met uitslagpersentasie.

"Ons Fase C-bultoetsstasie het ons in staat gestel om oor 'n tydperk van 24 jaar bulle te selekteer met goeie groei en voeromset. Gevolglik kan ons in die behoeftes van ons kopers voorsien. Sedert 1990 het ons meer as 9 000 bulle getoets, wat meer as 3000 van ons eie bulle ingesluit het. Gedurende hierdie tyd is die VOV van ons bulle met 1,2kg voer per kilogram gewigstoename verbeter, terwyl die GDT met 200g per dag verbeter is. Terselfdertyd is die skouerhoogte afgebring en die lengte verbeter. Teen die huidige voer- en vleispryse maak dit 'n verskil van R1 300 per dier in die voerkraal!

"Afgesien hiervan teel ons medium-raam diere wat kosmeties mooi is met die fokus op kloue, loopvermoë, kop, breedte, bespiering en balans."

Volgens Nick het die bekende veekundige, Hennie Snyman, die bulle deurgegaan en gepunt. Volgens hom is daar sewe bulle wat geskik is om verse mee oop te maak, asook ten minste twaalf potensiële stoetbulle.

Die aflewering van diere is gratis binne 'n radius van 200km vanaf Sernick. Moenie die Sernick Bonsmara-produksieveiling op 29 Mei vanjaar by Edenville misloop nie.

Vir meer inligting, skakel Nick Serfontein by 082 554 7690 of Pieter Booysen by 082 384 0020.